Hoe om ’n nagskattejag te hou

Hierdie aktiwiteit werk goed vir PD’s en Verkenners. ’n Lekker aktiwiteit om op ’n kommandokamp te doen. Daar is nie baie voorbereiding nodig nie.

? Stappe

1. Deel almal in spanne. Voortrekkers kan ook in hulle gewone spanne bly. Maak seker dat daar genoeg lede in elke span is. Jy kan ook spanne saamvoeg.
2. Jonger spanne moet vergesel word deur ’n offisier.
3. Gee aan elke span ’n lys van skatte wat hulle moet versamel.
4. Onthou dat elke span ’n flits en sakke moet saamneem vir hulle skatte.
5. Gaan die lys met die spanlede deur asook die punte wat elke item tel.
6. Gee 60-90 minute tyd vir die aktiwiteit.
7. Reël vooraf vir beoordelaars.
8. Die spanlede moet hulle items op ’n tafel plaas en die beoordelaars tel die aantal punte op.
9. **<u>Voorbeeld van itemlys:</u>**
    - Vyf verskillende soorte blaarvorms. ’n Bonuspunt as jy die boom kan identifiseer.
    - Drie verskillende soorte dieremis. ’n Bonuspunt as jy kan sê watter dier se mis dit is.
    - Twee verskillende tipes veldvrugte. ’n Bonuspunt as jy die vrug kan identifiseer.
    - ’n Padda
    - Sade van ’n boom
    - Drie verskillende soorte lewendige insekte.
    - ’n Ystervarkpen
    - Dele van ’n skelet van ’n dier
    - Bonuspunte vir enigiets anders wat die spanlede bring wat interessant is, byvoorbeeld die vel van ’n slang wat vervel het.
10. Onthou pryse vir die wenners

☺ Wenke

1. Doen dit Vrydagaand op ’n kommandokamp. Daar is gewoonlik nie baie tyd om ’n nagmars uit te werk nie.
2. Die Verkenners se lys kan meer items bevat as dié van die PD’s.
3. Jy kan boom- en soogdierboeke byderhand sodat kinders mis en bome kan identifiseer. Alhoewel die boeke beskikbaar is, is dit nie so maklik om die items te identifiseer nie.

☠ Waarskuwings

1. Wees versigtig met die beoordeling van die items. ’n Padda kan wegspring en chaos veroorsaak. Dieselfde met die insekte.
2. Waarsku kinders om nie die natuur te verniel nie. Hulle moet ook nie insekte doodmaak nie.